

Hoofstuk van die dag: Psalm 15

> *Hy wat onberispelik wandel en doen wat reg is, wat met sy hele hart die waarheid praat … (Ps 15:2)*

Oor die jare het twee ekstreme standpunte ontwikkel as antwoord op die vraag van die digter in vers 1. Aan die een

kant was daar mense wat die heiligheid van God só beklemtoon het dat gewone sterflinge gevoel het dis onmoontlik om God in gebed te nader. Aan die ander kant was daar weer mense wat die vrye toegang tot God (Rom 5:2) só oorbeklemtoon het, dat die bidder sonder skroom of nadenke in die teenwoordigheid van God getree het, asof dit iets alledaags is.
Die waarheid, sê die digter, lê iewers tussen-in: ons hét wel toegang tot God in gebed (vers 2), maar dit moet steeds met huiwering, skoorvoetend gedoen word, met die nodige voorbereiding en ontsag (vers 3-5b).
Aanbidding is ons voorreg en opdrag, en ons kan met vrymoedigheid tot God nader (vgl Heb 10:22 en Jak 4:8). Bely daarom opnuut weer in gebed jou geloof in, en verbondenheid aan die Here. Besluit dan wat in jou lewe jy sal moet verander sodat jy met vreugde in die Here se teenwoordigheid kan leef.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026